Waardes

"Nie alles wat getel kan word, tel nie en nie alles wat tel, kan getel word nie."
- Albert Einstein

Doelwit: Om die Verkenner bewus te maak daarvan dat elke keuse wat gemaak word vanuit 'n bepaalde waardesisteem gemaak word en dat vir 'n Voortrekker hierdie waardesisteem niks anders kan wees as die Bybels-Christelike waardesisteem nie.

Weergawe: *2009*
Datum: *Januarie 2009*

Begronding:

Voortrekkerkode:
1: 'n Voortrekker glo in die drie-enige God en dien Hom.
2: 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
3: 'n Voortrekker aanvaar gesag.

ABC: Jou waardesisteem bepaal elke keuse wat jy in die lewe maak. Omdat ons in Die Voortrekkers vanuit 'n Christelike waardesisteem lewe is dit belangrik om seker te maak dat die waardesisteem waaruit ons as Verkenners lewe wel aan die vereistes van 'n Christelike lewensbeskouing (C) voldoen.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	1 Dag	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie moet in spanverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Kan verduidelik wat die Bybels-Christelike waardesisteem is.

2. Die verskil tussen waardes en reëls/wette ken en dit aan 'n spanmaat kan verduidelik.

3. Aan die hand van Matteus 5:6 en 5:10 kan verduidelik wat die funksie van waardes in ons lewens is.

4. Weet wat die volgende Bybelverse te sê het oor die funksionering van waardes in ons lewens en watter waardes deur die onderstaande verse beklemtoon word:
   - 4.1 Deuteronomium 6:7
   - 4.2 Josua 24:15
   - 4.3 Spreuke 17:17
   - 4.4 1 Korinthiërs 15:33
   - 4.5 Filippense 4:8

5. Weet wat die volgende waardes behels en ook hoe hy dit in sy alledaagse lewe kan toepas deur dit byvoorbeeld tydens 'n spanvergadering te bespreek:
   - 5.1 Nederigheid
   - 5.2 Dankbaarheid
   - 5.3 Volharding
   - 5.4 Lojaliteit
   - 5.5 Geregtigheid
   - 5.6 Opregtheid
   - 5.7 Verstandigheid